Verwysing: 20210330 – 1967
Lêerno.: 12/2/13/6
Navrae: A Henriques en R Larney

Inrigtingsontwikkeling en -koördineringsminuut: 0003/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle artikel 21 gewone openbare skole

Onderwerp: Standaard Bedryfsprosedure (SBP): uitreiking, behoud, herwinning en bestelling van handboeke deur skole

1. Aan die begin van elke skooljaar behoort alle leerders 'n handboek volgens vak en graad te hê.

2. Om skole te help om hierdie vereiste te bereik, het die Wes-Kaap Onderwysdepartement 'n SBP saamgestel.

2.1 Die SBP moet saamgelees word met Omsendbrief 0015/2017 (Goedgekeurde raamwerk vir die verskaffing van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) in die Wes-Kaap), van 12 April 2017, en Omsendbrief 0028/2020 (Belangrike sperdatums vir die bestuur van handboeke by skole), van 29 September 2020.

3. 'n Drukstuk van die ondertekende SBP is hierby aangeheg om deur alle skole gebruik te word.

4. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke amptenare.

GETEKEN: HA LEWIS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2021-03-30